No 1487 25 Augustus 2019

GEMEENTEBRIEF

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant
Leef vir God • Dien mekaar • Lig vir die wêreld

"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."
Kolossense 2:14

In die erediens

Baie welkom by vandag se erediens. Ons vier vanoggend die Heilige Nagmaal saam. Mag ons nader aan mekaar en aan die Here groei. Vanoggend se diens staan onder leiding van Ds Dirk Kotzee.

Nagmaal: (09:00)

Skriflesing: Jesaja 9:1-6
Teksvers: Jesaja 9: 1 en 5
Tema: Christus – die Lig in ons donker!

Ons gaan vanmôre verder met ons reis deur die boek Jesaja. Die konteks bly dieselfde. Assirië is op die voorstoep van Juda en Israel. En oor hulle ligging binne die landsgrense, was Sebulon en Naftali die kwesbaarste. Dit sou waarskynlik die punt wees waar Assirië die land binnedring.

In hierdie gedeelte spreek die Here vir beide Israel en Juda aan. Dit is duidelik met die omarming wat voorkom in die waarskuwing aan Israel voor ons teksgedeelte en Juda na ons teksgedeelte.

Die fokus is egter op die deel in die middel - ons teksgedeelte wat 'n stem van hoop is in hierdie swaar en mismoedige prentjie wat Jesaja aanhou skets.

Die prentjie wat hier geskets word, is nie net 'n prentjie van die verlossing van die volk Israel of Juda nie, maar verlossing en herstel vir die volk Israel, Juda en die heidense gebiede. Die belofte van verlossing is egter nie 'n aardse verlossing nie.

Want vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers en hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Hierdie is 'n belofte van 'n hemelse koning wat verlossing bring vir die ganse skepping, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe het.

Ons sing saam:
Psalm 111-2: 1 en 2
Skrifberyming 1-2: 1-3
Psalm 23-1: 3
Psalm 116-1: 1,4,5,6,7,8,9,10
Skrifberyming 3-1: 1 en 3
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens:
Diakonale kas

By die deure:
Vandag:
Kerkkas
Volgende week:
Teologiese Studentekas

Diensbeurt
Die kerkraadslede wat vandag aan diens is:

Ouderling:
Johan Pretorius
Diaken:
Gerrit Van Wyk de Vries

Katkisasie toesig
Geen

Gemeentesake

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat die komende week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 25 Augustus
Rink Van Kleef
083 645 2700

Woensdag 28 Augustus
ID Nagel
083 647 0574
Lyndi Nagel
083 647 0574
Nandi Nagel
083 647 0574
Hannerie Sanders
083 455 2531

Vrydag 30 Augustus
Johann Van De Venter
082 084 3686

Saterdag 31 Augustus
Izak De Villiers
072 489 0407

Fondsinsameling:
Rockwood Teater vertoning

Ons gemeente word die geleentheid gegun om gasheer te speel vir die *Megastars of Pop* vertoning by die Rockwood teater. Dit vind plaas op ***Woensdag 4 September om 18:30*** by die Rockwood Teater in die Parkview winkelsentrum.
Dit beloof om 'n heerlike saamkuier aand te wees met heerlike musiek. Kom ondersteun ons asseblief. Nooi u vriende en familie en maak 'n tafel van 10 vol!!!

Kaartjies beskikbaar by
br JC Greyling (083 271 2358)

Lief en leed

Sr Rina Yssel (012 997 0560) het Donderdag 'n breukoperasie ondergaan in die Kloof Hospitaal.

Sr Marie Ligthelm (082 332 8217) is opgeneem in die Rosebank Kliniek vir toetse.

Br Dick Rosema (082 555 0346) word eerskomende Donderdag in die Unitas hospitaal opgeneem vir behandeling aan sy rug.

Br Flip Erasmus (083 294 2981) het geval en sy rug beseer. Hy sterk tuis aan.

Ons bid die broer en susters 'n spoedige en volkome herstel toe.

As daar seer/siekte/vreugde in die gesin is, deel dit asb. met ons sodat ons as gelowiges met mekaar kan meeleef.

Kontak asb. die kerkkantoor in die verband.

Kerkkantoor

U is baie welkom om enige tyd vir sr Suanita telefonies of per e-pos te kontak by 065 912 5779 *of* kantoor@gk-alkantrant.co.za
Kantoorure vir die week:
Vrydag 07:30 – 13:00

Sustershoekie

Skinkbeurte

Ons drink nie vanoggend tee en koffie na die erediens nie weens nagmaal.
Volgende skinkbeurt 1 Sept: B4, C2, D5, D9, D10

ONTHOU ons toiletware projek vir die tienerdogters van die Kinderhuis op Reddersburg. 'n Spesiale gemerkte houer vir hierdie doel is in die portaal. Kontak sr Sylvia Greyling (082 789 7717)vir enige navrae.

Nagmaalete 25 Augustus

12:00 vanmiddag smul ons weer heerlik saam aan ‘n Bobotie-ete voorgesit deur die Feeskommissie. Bring u eie eetgerei, drinkgoed en ‘n doansie saam.

En moenie vergeet van die heerlike verrassing wat wag op ons jongspan nie…..

Gemeentekamp 4-6 Oktober

Skryf asb u naam op die lyste in die portaal om u plek te bespreek. Daar is nog kampstaanplekke beskikbaar teen R1 000 vir die naweek. Daar is ook tente beskikbaar om te leen. Betaal asb u kampgelde in die Diakonie se rekening met u naam en van as verwysing. Kontak br Geert de Jong (084 686 9161)met u navrae.

Geestelike groei

Lees en preek:

Maandag: Jesaja 10:28-34
Dinsdag: Jesaja 11: 1-16
Woensdag: Jesaja 12: 1-6
Donderdag: Jesaja 13: 1-14:23
Vrydag: Jesaja 14: 24-27

Preekteks: Jesaja 13:1-14:23

Gemeente dagboek

Vandag:

So.	25 Augustus	09:00 Nagmaal gelei deur Ds Dirk Kotzee
		12:00 Gemeente ete

Hierdie week:

Di.	27 Augustus	16:00 Bybelstudie (Openbaring 9:1-12)
Do.	29 Augustus	18:00 Belydenisklas
Vr.	30 Augustus	Jeugaksie Dinokeng oorslaap

Belangrike datums:

Wo.	04 September	Rockwood Teater vertoning 18:30 (Fondsinsameling)
Ma.	16 September	Klassis – Oostelike Pretoria 18:00
Vr.	22 September	Skole sluit
Di.	24 September	Vakansiedag
Di.	01 Oktober	Skole open
Naweek 04	Oktober	Gemeentekamp Bosveld Oase

Ken-mekaar boekie

Onthou om u fotos en inligting vir ons boekie aan te stuur. U het nog tyd tot einde Augustus. Epos of whatsapp u fotos na die kantoor. U kan enige navrae in die verband rig aan br JC Greyling (083 271 2358) of sr Suanita Bakker by die kantoor (065 912 5779) kantoor@gk-alkantrant.co.za

Gemeente inligting

Ons is besig om ons gemeente se databasis so bietjie af te stof en versoek u hulp met die projek. In die nuusbrief is 'n inligtingsvorm wat u kan voltooi en in die gemerkte boks in die portaal kan plaas, of as u dit rustig tuis wil voltooi kan u dit per e-pos of whatsapp terugstuur na die kantoor. Baie dankie byvoorbaat vir u hulp. Kontak sr Suanita Bakker by die kantoor (065 912 5779) kantoor@gk-alkantrant.co.za indien u enige navrae het.

KONTAKBESONDERHEDE

Predikant:
Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297
dirk@gk-alkantrant.co.za
Rembrandstraat 541
Faerie Glen Ext. 3

Skriba:
Robert Bakker: 082 322 3203
skriba@gk-alkantrant.co.za

Administratiewe beampte en Attes skriba:
Suanita Bakker: 065 912 5779
kantoor@gk-alkantrant.co.za

Kassier:
Johan Erasmus: 084 800 1772
johan@ebhub.co.za

Bankbesonderhede:
GK Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 340 404
Takkode: 334 745.

Diakonie voorsitter:
Danie Dreyer: 082 844 6870
danie@marketingss.co.za

Diakonie kassier:
Geert de Jong: 084 686 9161
gdejong@lantic.net

Diakonie bankbesonderhede:
Diakonie Gereformeerde Kerk Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 280 339
Takkode: 335-545

Posadres:
Posbus 92,
Newlands,
0049

Like us on Facebook

Webtuiste:
www.gk-alkantrant.co.za